

**FOKUS OP DIE GESINSLEWE**

Redding van gesinne
DEEL 3

*"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."*
(Handelinge 16:31)

# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 15-21 DESEMBER 2025

Elkeen van ons ken iemand in ons familie wie nie versoen is met Jesus Christus, die Seun van God die Vader, nie. God wíl en kán hulle red. Dit is egter ook die wil van God dat ons vir hul redding moet bid.

In hierdie laaste week van ons reeks, *'Fokus op die Gesinslewe'*, nooi ons jou uit om saam met ons vir die redding van gesinne te bid.

---

**MAANDAG 15 DESEMBER 2025**
**REDDING VAN JONG KINDERS**
*"Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle."* (Matteus 19:14).

**Bid die Woord:** Psalm 8:3; Jesaja 54:13 (OV)

**Kom ons bid**
- Bid vir die **redding van jong kinders** in jou uitgebreide familie.
- Net soos Eli Samuel beveel het om op die Here se stem ag te gee toe Hy hom geroep het, bid vir ouers om op dieselfde wyse te onderskei wanneer die Here met hul kinders praat.

**GETUIENIS**
Nadat 'n gesin van ses in die Himalajas die verhaal van Saggeus gehoor het, het hulle Christus aangeneem. Maya, 'n sewejarige familielid, was geïnspireer om die storie met ander te deel. Sy het sestig skoolvriende sowel as haar onderwysers vertel. Haar getuienis en kinderlike geloof het gelei tot een vriend se redding en baie wat die evangelie gehoor het.

---

**DINSDAG 16 DESEMBER 2025**
**REDDING VAN VADERS**
*"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."* (Handelinge 16:31).

**Bid die Woord:** Johannes 16:8-11; Openbaring 3:20

**Kom ons bid**
- Vra die **Heilige Gees om pa's te oortuig** van wie God die Vader is en Jesus Christus, wie Hy gestuur het.
- Bid dat hulle **verhoudings met Christus 'n blywende impak op hulle gesinsverhoudings sal hê**; dat die harte van die vaders na hulle kinders sal draai.

**GETUIENIS**
"'n Wonderwerk het gebeur! My man het God se stem gehoor," het die Siriese Moslem uitgeroep. Een oggend nadat hy sy koffie geniet het, sien Delavan 'n helder lig deur sy venster en in sy hart ingaan. Hy het Jesus hoor sê, "Ek is Jesus Christus," en hy het 'n verandering ervaar – sy ou self het gesterf en 'n nuwe lewe in Christus het binne-in hom begin.

---

**WOENSDAG 17 DESEMBER 2025**
**BEREIK ONGEÈVANGELISEERDE GESINNE**
*Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra.* (Jeremia 29:13).

**Bid die Woord:** Jesaja 65:1; Romeine 10:13

**Kom ons bid**
- Roep uit tot God vir die redding van **gesinne wat in gebiede woon waar hulle geen Christelike blootstelling het nie**.
- Vra dat **Christelike literatuur** in hulle eie taal beskikbaar gestel sal word.
- Bid dat God iemand sal stuur wat die **Evangelie duidelik en in opregtheid met hulle sal deel**.

**GETUIENIS**
As kind in Egipte het Reem verlang om 'n nabygeleë kerk binne te gaan, maar was nie toegelaat nie. Later in Libië het sy haar gesin se oortuigings bevraagteken, aanlyn gesoek na antwoorde en in Jesus die liefdevolle, vergewensgesinde God ontdek waarna sy nog altyd gesoek het.

---

**DONDERDAG 18 DESEMBER 2025**
**REDDING VAN PROBLEEM KINDERS**
*U, Here, U is my hoop, op U, Here, het ek van jongs af vertrou.* (Psalm 71:5).

**Bid die Woord:** Psalm 71:5-8; Luke 15:1-7,11-32

**Kom ons bid**
- Bid vir **probleem kinders** om wanneer hulle oorweldig voel deur sonde en die druk van die wêreld, **hulle tot God se Woord en gebed te wend**.
- Vra die Here om **hulle te verlos van ontvlugting** in die vorm van dwelmmisbruik, selfbeskadiging of afleidings deur sosiale media.
- **Verklaar dat die krag van Jesus se Bloed** hulle lewens heeltemal verlos, heilig en reinig.

**GETUIENIS**
Op 13 het Kari se lewe in duie gestort nadat haar ouers geskei het. Oorweldig deur die lewe en met selfmoordneigings het sy haarself tot die Woord gewend en Psalm 22-27 gelees. Sy het die Here ervaar, wat haar wanhoop in hoop verander het en haar 'n nuwe, lewensveranderende verhouding met Hom gegee het.

---

**VRYDAG 19 DESEMBER 2025**
**BID VIR GETRAUMATISEERDE HARTE**
*Toe ek met baie onrus in my binneste sit, het u vertroosting my tot rus gebring.* (Psalm 94:19).

**Bid die Woord:** 2 Korintiërs 1:3-5

**Kom ons bid**
- Bid vir **moeders wat hul harte teenoor God verhard het weens swaarkry,** trauma of hartseer.
- **Bid die eienskappe van God,** *Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde* (Psalm 103:8), oor hul lewens.

- Vra die Heilige Gees om hulle in hulle nood te vertroos en hulle te help om te reageer op God se sagte stem van liefde en deernis in bekering.

**GETUIENIS**
Ná haar seun se skielike dood het 'n Egiptiese moeder in diepe droefheid teen God gerebelleer. Een nag het Jesus in 'n droom aan haar verskyn en sy is kerk toe geneem. Sy het verkwik gevoel en het teruggekeer na aanbidding en 'n diep transformasie ervaar in haar geloof en lewe.

---

**SATERDAG 20 DESEMBER 2025**
**GOD SE WOORD HERSTEL LEWENS**
*Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe.* (Psalm 19:8a).

**Bid die Woord:** Psalm 19:8-12; Handelinge 8:26-40

**Kom ons bid**
- Bid dat **ongelowige uitgebreide familielede** 'n diep begeerte sal ontwikkel om die Woord van God te lees en te bestudeer.
- Vra die Here om Sy dissipels te stuur om Sy Woord te verkondig sodat baie kan reageer deur **bekering, redding en om gedoop te word** (Matteus 28:19-20).

**GETUIENIS**
Dissipels het 'n arm gesin op die platteland van Noord-Indië besoek wat aanvanklik hulle woorde verwerp het. Hulle het 'n oudiotoestel met Bybelverhale en besprekingsvrae gelos. Maande later het hulle teruggekeer en gevind dat die gesin en ander mense verander het, gedoop is en God se Woord met vreugde in nabygeleë dorpies verkondig.

---

**SONDAG 21 DESEMBER 2025**
**REDDING VAN AANGENOME KINDERS**
*God laat eensames in 'n huisgesin woon...* (Psalm 68:7).

**Bid die Woord:** Psalm 139:1-6; Jakobus 1:27; Efesiërs 1:3-14

**Kom ons bid**
- Bid vir aangenome kinders om **die liefde van God die Vader** deur hul ouers te ervaar.
- Vra dat hulle sal weet en verstaan dat hulle 'n **Godgegewe doel het** en hul lewens vry van verwerping en twyfel sal leef.
- Bid vir wysheid vir die aanneemouers om hul **kinders in die weë van God groot te maak.**

**GETUIENIS**
Na jare van verwerping – omdat sy meegedeel is dat sy nie die regte kulturele of gesinspasmaat is nie – het 'n vrou uiteindelik die ma van 'n vierjarige geword. Na baie trane en teleurstellings het sy 'n dieper waarheid ontdek: soms neem God jou aan in Sy liefde wat veel groter is as enigiets waarvan jy ooit gedroom het.

---